



LAERSKOOL PARK

Tel.: 044 – 691 1020/1

E-Pos: parklaerskool@gmail.com

Skoolhoof: Mnr. D.F. du Toit

Posbus 96

MOSSELBAAI

6500

3 Desember 2021

Geagte Ouers

2021 – Dream it, Believe it and Achieve it

Covid-19 het beslis die onderwys wat ons geken het op verskeie maniere verander. Die een ding wat soos 'n paal bo water uitgestaan het, is die feit dat goeie funksionele skole die behoud van sukses was gedurende hierdie pandemie tydperk. Ons het met opgewondenheid uitgesien na 2021 en weer is ons met uitdagings gekonfronteer. Weereens moes planne beraam word hoe om die aanslag van Covid-19 te bestuur en te beheer.

Dit het geweldige uitdagings gebied en groot druk op die onderskeie vlakke van die samelewing uitgeoefen. Daar was geen eenvoudige antwoord op die vraag of die uitstel van die heropening van skole geregverdig was nie en onder watter omstandighede dit moes open. Die vraag was dus nie wanneer skole veilig gaan wees van Covid-19 nie, maar hoe die risiko's wat daarmee gepaard gaan, hanteer moes word.

Die koronavirus is nie die enigste bedreiging vir onderwysers en leerders nie. Die sosiale isolasie en die impak daarvan moet nie onderskat word nie. Die feit dat kontak sport nie op skool beoefen mag word nie en leerders van hul maats op sportgebied afgesny is, het beslis 'n sielkundige effek op hulle. Die onderwysstelsel is dus belangrik, maar die menslike kapitaal (gesond, gebalanseerd en energiek) is veel belangriker.

Daar kan nie getwyfel word aan die werksetiek en ingesteldheid van onderwysers en skoolhoofde nie. Die belangrikheid van 'n toegewyde en lojale personeelkorps en ondersteunende ouerkorps bepaal beslis die sukses van 'n skoolomgewing. Onderwys in die moderne tydsgewrig is dikwels 'n uitdagende taak. Kompleks, veeleisend, omvattend en onvoorspelbaar. Hulle probeer hul bes in 'n situasie wat niemand voorsien het nie. Hierdie stryd gaan nie oornag gewen word nie. Die onderwys moes nuwe benaderings ontwikkel om by die veranderende omstandighede aan te pas.

PERSONEEL

Baie dankie aan die personeel van Laerskool Park vir hul harde, lojale en toegewyde werk. Ons is geseënd met 'n uiters bekwame personeelkorps. Ons vertrou dat almal lekker sal rus en 2022 met nuwe moed en ywer sal aanpak.

Einde van 'n jaar beteken ook dat ons van personeel moet afskeid neem en nuwe toevoegings moet verwelkom.

- Mnr Gerhard Swanepoel na 32 jaar se getroue diens en lojaliteit teenoor Laerskool Park. Ons gun hom sy aftrede en wens hom die allerbeste gezondheid en voorspoed toe. Hy was werklik 'n staatmaker op vele terreine. In sy plek het ons die bekwame dienste bekom van mnr Frans Prins vanaf die Noordwesprovinsie.
- Mnr Etienne van der Merwe, sportorganiseerder. Sy lojaliteit, karakter en wyse waarop hy met leerders gewerk het, sal beslis gemis word. In sy plek verwelkom ons mnr Hennie Otto as die nuwe sportorganiseerder en graad 4-vakonderwyser.
- Mev Lydia de Lange wat uitgehelp het in graad RR. Haar bekwaamheid en ervaring sal altyd 'n leemte laat. In haar plek is 'n oud-leerder, Seonaid Strydom, benoem in graad RR.
- Mev Lizelle Labuschagne wat tydens die Covid-pandemie die vierde graad 1-klas hanteer het. Haar ervaring en bekwaamhede het die korrekte grondslag gelê en beslis ons leerders se boustene versterk.
- Mev Elize le Roux, musiekonderwyseres, wat sedert die Covid pandemie nie meer betrokke was by die skool nie. Mev le Roux was 46 jaar verbonde aan Laerskool Park en 'n voorslag-musiekonderwyseres. Sy het voorwaar diep spore getrap in die geskiedenis van die skool.
- Rhay Heunis, algemene werker, verlaat die skool na tien jaar waar sy hoofsaaklik in die grondslagfase gewerk het. Haar vriendelikheid en harde werk het 'n groot indruk gemaak en talle kinderharte is deur haar aangeraak.

Laerskool Park is regtig bevoorreg om die dienste van hierdie uiters bekwame personeel te bekom. Ons vertrou dat hul goue voete sal vind by Laerskool Park en 'n sukses sal maak van hul onderwysloopbaan.

AFHAAL VAN RAPPORTE

Gr.RR- tot Gr.7-rapporte kan **Woensdag, 15 Desember 2021, tussen 07:30 – 09:00 in die saal afgehaal word.** Indien u dit nie self kan kom afhaal nie, moet u asseblief 'n briefie aan die klasonderwyser/es stuur om die nodige reëlings te tref of 'n **gefrankeerde koevert** skool toe stuur sodat ons dit aan u kan pos.

SKRYFBOEKPAKKETTE

U het alreeds die bestelvorm vir die skryfboekpakkette ontvang. Dit is uiters belangrik dat u die pakket vroegetydig direk by **Stationary Warehouse** (Voorbaai Commercial Park Unit 70 – 71, h/v Watson & Ballystraat, Voorbaai, Mosselbaai) bestel sodat u kind die eerste skooldag al sy/haar skryfboeke kan ontvang. Slegs boekpakkette wat betyds deur leerders bestel is, sal die eerste skooldag (19 Januarie 2022) by die skool afgelewer word deur **Stationary Warehouse**.

Vir u gerief sal Stationary Warehouse op Woensdag, 15 Desember vanaf 07:30 – 09:00, tydens die uitdeel van rapporte in die saal beskikbaar wees vir bestellings. U sal ongelukkig net met 'n kaart kan betaal.

SKOOLURE 2022

SKOOLURE 2022				
GRAADGROEP	GR.RR en R	GR. 1	GR. 2 en 3	GR. 4 tot 7
Maandae tot Vrydae	07:30 tot 12:15	07:30 tot 13:00	07:30 tot 13:30	07:30 tot 14:00
www.parklaerskool.co.za				

BAIE DANKIE

OOV - Vir al u harde werk die afgelope jaar ten spyte van die Covid-pandemie. Dit is raakgesien en word baie waardeer. Alle funksies wat u gereël het, was van hoogstaande gehalte. U bydrae is van onskatbare waarde vir die skool. U maak ons trots!

BEHEERLIGGAAM - Vir u toewyding en harde werk in belang van ons skool, ouers, leerders en personeel. U het ingewikkelde prosesse uitstekend hanteer en tydens onderhoude bewys dat u die belange van die skool op die hart dra. U, as Beheerliggaam, onderleiding van Johann Muller, het gegroei tot een van die suksesvolste komitees van Laerskool Park.

OUERS - Vir u lojaliteit teenoor my en die skool. Dankie vir u ondersteuning tydens skoolfunksies en 'n spesiale dankie aan elke ouer wat ons op een of ander manier geborg het of by die afrigting van sport betrokke was.

BORGE - Baie dankie aan al ons borge vir hul getroue ondersteuning en positiewe gesindheid teenoor Laerskool Park. U bydrae dra beslis grootliks by tot die sukses van ons pragtige skool en leerders.

Totsiens aan alle ouers en leerders wat ons aan die einde van die jaar verlaat. Ons wens die graad 7-leerders net die beste toe vir hulle hoërskoolloopbaan. Aan al die ouers wat Mosselbaai verlaat, wil ek die hoop uitspreek dat u aangename herinneringe sal koester.

SEËNWENSE

Laastens, baie dankie vir u ondersteuning aan die skool en u kind gedurende hierdie baie besige jaar. Wees verseker dat ons meer en meer gaan voortbou aan ons skool se positiewe beeld en dat dit slegs tot voordeel van u kind sal wees.

Mag u en u gesin 'n ware Christusfees beleef gedurende die feestyd. Geniet die ruskans saam met u gesin. Ons sien daarna uit om u terug te verwelkom in 2022.

Vriendelike groete

Mnr. D.F. du Toit
SKOOLHOOF

2022 SCHOOL CALENDAR

COASTAL CLUSTER: EASTERN CAPE,
KWAZULU-NATAL, NORTHERN CAPE
AND WESTERN CAPE PROVINCES



January 2022						
S	M	T	W	T	F	S
						1
2	3	4	5	6	7	8
9	10	11	12	13	14	15
16	17	18	19	20	21	22
23	24	25	26	27	28	29
30	31					

February 2022						
S	M	T	W	T	F	S
		1	2	3	4	5
6	7	8	9	10	11	12
13	14	15	16	17	18	19
20	21	22	23	24	25	26
27	28					

March 2022						
S	M	T	W	T	F	S
		1	2	3	4	5
6	7	8	9	10	11	12
13	14	15	16	17	18	19
20	21	22	23	24	25	26
27	28	29	30	31		

April 2022						
S	M	T	W	T	F	S
					1	2
3	4	5	6	7	8	9
10	11	12	13	14	15	16
17	18	19	20	21	22	23
24	25	26	27	28	29	30

May 2022						
S	M	T	W	T	F	S
1	2	3	4	5	6	7
8	9	10	11	12	13	14
15	16	17	18	19	20	21
22	23	24	25	26	27	28
29	30	31				

June 2022						
S	M	T	W	T	F	S
			1	2	3	4
5	6	7	8	9	10	11
12	13	14	15	16	17	18
19	20	21	22	23	24	25
26	27	28	29	30		

July 2022						
S	M	T	W	T	F	S
					1	2
3	4	5	6	7	8	9
10	11	12	13	14	15	16
17	18	19	20	21	22	23
24	25	26	27	28	29	30
31						

August 2022						
S	M	T	W	T	F	S
	1	2	3	4	5	6
7	8	9	10	11	12	13
14	15	16	17	18	19	20
21	22	23	24	25	26	27
28	29	30	31			

September 2022						
S	M	T	W	T	F	S
				1	2	3
4	5	6	7	8	9	10
11	12	13	14	15	16	17
18	19	20	21	22	23	24
25	26	27	28	29	30	

October 2022						
S	M	T	W	T	F	S
						1
2	3	4	5	6	7	8
9	10	11	12	13	14	15
16	17	18	19	20	21	22
23	24	25	26	27	28	29
30	31					

November 2022						
S	M	T	W	T	F	S
		1	2	3	4	5
6	7	8	9	10	11	12
13	14	15	16	17	18	19
20	21	22	23	24	25	26
27	28	29	30			

December 2022						
S	M	T	W	T	F	S
				1	2	3
4	5	6	7	8	9	10
11	12	13	14	15	16	17
18	19	20	21	22	23	24
25	26	27	28	29	30	31

	Weekends
	Days for administration
	School days
	Public holidays
	Special school holidays
	School holidays

Public and School Holidays 2022	
01 January	New Year's Day
21 March	Human Rights Day
15 April	Good Friday
18 April	Family Day
27 April	Freedom Day
01 May	Workers' Day
02 May	Public Holiday
16 June	Youth Day
17 June	Special School Holiday
08 August	Special School Holiday
09 August	National Women's Day
24 September	Heritage Day
16 December	Day of Reconciliation
25 December	Christmas Day
26 December	Day of Goodwill

Duration	No. of weeks	No. of days	No. of public holidays	Actual no. of school days
(17) 19 January - 25 March	10	48 (50)	1	47 (49)
05 April - 24 June	12	59	5+1	53
19 July - 30 September	11	54	1+1	52
11 October - 14 December (15) December	10	47 (48)	0	47 (48)
Total	43	208 (211)	7+2	199 (202)